



NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 30 MAART 2023 OM 10:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

RAADSLEDE:

Bess, D G (DA)	Penxa, B J (ANC)
Booyesen, A M (VF ⁺)	Pieters, C (ANC)
Daniels, C (DA)	Pypers, D C (DA)
Duda, A A (EFF)	Smit, N (DA)
Fortuin, C (ANC)	Stanley, B J (DA)
Jooste, R J (DA)	Soldaka, P E (ANC)
Le Minnie, I S (DA)	Van Essen, T (DA)
Ngozi, M (ANC)	Vermeulen, G (VF ⁺)
O'Kennedy, E C (DA)	Warnick, A K (DA)

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Direkteur: Beskermingsdienste open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede, amptenare en lede van die publiek.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede wat die afgelope tyd verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdd M van Zyl en rdl J R Papier.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 MEDELYE MET OORLEDE RAADSLEDE EN AMPTENAAR

Die Speaker betoon sy medelye met die afsterwe van voormalige raadslede – me Valery McQuire, mnr Corrie McKrieling en mnr Ben Geel – en amptenaar, mnr Mathys Roy wat werksaam was by die Yzerfontein Karavaanpark.

Die Uitvoerende Burgemeester verwys na die verdienstelike aantal jare diens van die raadslede en amptenaar en versoek 'n minuut van stilte waarna die Uitvoerende Burgemeester kerse aansteek ter nagedagtenis van die oorledenes.

3.2 SIEKVERLOF: MUNISIPALE BESTUURDER

Die Speaker noem dat die Munisipale Bestuurder vir 'n knieoperasie gaan en vir ±6 weke op siekverlof sal wees waartydens die Direkteur: Ontwikkelingsdienste as Munisipale Bestuurder sal waarneem.

3.3 INLIGTINGSSESSIE VIR RAADSLEDE INSAKE GOP

Die Munisipale Bestuurder versoek dat raadslede van die geleentheid gebruik maak om 'n inligtingsessie oor die GOP op Dinsdag, 4 April 2023 om 14:00 by te woon, waartydens die inhoud van die GOP in detail behandel sal word.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 26 JANUARIE 2023

BESLUIT

(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 26 Januarie 2023 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 18 JANUARIE 2023

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGE-MEESTERSKOMITEE GEHOU 15 FEBRUARIE 2023 saamgelees met

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJESKOMITEES GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2023

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 14 DESEMBER 2022

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 19 JANUARIE 2023

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 26 JANUARIE 2023

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 AANVAARDING VAN OORSIGVERSLAG OP 2021/2022 JAARVERSLAG (7/1/1/1)

Die konsep Jaarverslag vir die 2021/2022 finansiële jaar is ingevolge artikel 127 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 op 26 Januarie 2023 aan die Raad voorgelê,

8.1/...

waarna die jaarverslag vir kommentaar deur die publiek en betrokke staatsorgane ter insae beskikbaar gestel is.

Die Munisipale Publieke Verantwoordbaarheidskomitee, onder voorsitterskap van rdl E C O’Kennedy, het op 9 Maart 2023 vergader om die kommentaar ontvang op die konsep jaarverslag te oorweeg in die opstel van die 2021/2022 Oorsigverslag.

Die 2021/2022 Oorsigverslag word deur die Speaker tot stemming gebring en beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 20 raadslede ten gunste daarvan en twee raadslede wat buite stemming bly.

BESLUIT

(op voorstel van rdl E C O’Kennedy, gesekondeer deur rdl D C Pypers)

- (a) Dat die Raad, gegewe hy die 2021/2022 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland oorweeg het, die Oorsigverslag aanvaar in terme van artikel 129 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA);
- (b) Dat die 2021/2022 Jaarverslag van Munisipaliteit Swartland goedgekeur word sonder voorbehoud, in terme van artikel 129 van die MFMA;
- (c) Dat die notules van vergaderings waar die Jaarverslag bespreek is in die teenwoordigheid van die rekenpligtige beampte (Munisipale Bestuurder), aan die Ouditeur-Generaal, die Provinsiale Tesourie en die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering voorgelê word, in terme van artikel 129(2) van die MFMA;
- (d) Dat die 2021/2022 Oorsigverslag van Munisipaliteit Swartland openbaar gemaak word in terme van artikel 129(3) van die MFMA en aan die Wes-Kaapse Wetgewer voorgelê word in terme van artikel 132(2) van die MFMA;
- (e) Dat, met die aanvaarding van die Oorsigverslag, die betaling van ‘n prestasiebonus ingevolge paragraaf 3.1.2 van die Oorsigverslag deur die Raad goedgekeur word.

8.2 GOEDKEURING VAN DIE 2022/2023 SPESIALE AANSUIWERINGSKAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2)

Die 2022/2023 Spesiale Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens ‘n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Maart 2023 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad.

Die voorlegging van die spesiale aansuiweringsbegroting geskied ingevolge artikel 28 van die MFMA, Wet 56 van 2003 nadat ‘n toekennings van R10 945 000 ontvang is vanaf die Departement van Plaaslike Regering as finansiële bydrae aan munisipaliteite vir die aankoop en installering van rugsteun-energievoorsiening vir water- en sanitasiefasiliteite om basiese dienslewering te verseker en potensiële gesondheidsrisiko’s te voorkom.

Die Speaker bedank die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir die deeglike besigheidsplanne wat opgestel was om te verseker dat Swartland Munisipaliteit van die hoogste toekennings ontvang het.

Rdl B J Penxa, met verwysing na die beskrywing van item 6 van die spesiale aansuiweringsbegroting, meld dat daar verkeerdelik verwys word na die watertoring in Wesbank, en dat lg. na Ilinge Lethu gewysig moet word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2022/2023 as volg te wysig met geen veranderinge aan die buite jare nie;

Tabel/...

	Oorspronklike Begroting 2022/23	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2022/23	Spesiale Aansuiwerings begroting 2022/23	Aanpassings	Oorspronklike Begroting 2023/24	Oorspronklike Begroting 2024/25
Kapitaalbegroting	191 095 805	167 894 804	178 839 804	10 945 000	195 834 903	165 690 722
Bedryfsuitgawes	1 029 331 855	1 025 575 992	1 025 575 992	-	1 061 375 491	1 139 864 061
Bedryfsinkomste	1 093 983 961	1 087 072 579	1 098 017 579	10 945 000	1 123 993 179	1 174 158 797
Begrote (Surplus)/ Tekort	(64 652 106)	(61 496 587)	(72 441 587)	(10 945 000)	(62 617 688)	(34 294 736)
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	77 109 000	67 945 510	78 890 510	10 945 000	73 351 000	35 935 000
(Surplus)/ Tekort	12 456 894	6 448 923	6 448 923	-	10 733 312	1 640 264

- (b) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2022/2023 finansiële jaar of verder nie en dat die begrote netto tekort van R6 448 923 onveranderd bly;
- (c) Dat die aangepaste begrotingskedules soos vereis deur die Begroting- en Verslagdoeningregulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure B: Budget Report and B-Schedules 2022/23 – 2024/25)**;
- (d) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (e) Dat die Dienslewering en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienoreenkomstig gewysig word.

8.3 2023 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) (2/1/4/4/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) is die Munisipaliteit se hoof strategiese plan wat handel met die mees kritieke ontwikkelingsbehoefte van die munisipale area (eksterne fokus) sowel as die mees kritieke bestuursbehoefte van die organisasie (interne fokus).

Die 2023 GOP is ingevolge die wetgewende vereistes opgestel na 'n baie volledige konsultasieproses met rolspelers uit verskeie sektore, wykskomitees en raadslede.

Die Speaker wens die Senior: Bestuurder Strategiese Dienste geluk met die formaat waarin die GOP opgestel is wat die dokument maklik leesbaar maak en word bevestig dat die GOP, sowel as die konsultasieproses van die Swartland Munisipaliteit, as 'n beste praktyk in die Provinsie beskou word.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

EENPARIG BESLUIT

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

- (a) Dat die konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die Swartland munisipale gebied in beginsel aanvaar word in terme van Hoofstuk 5 van die Wet op Munisipale Stelsels Nr 32 van 2000 vir die doeleindes van die verkryging van publieke insette en kommentaar;
- (b) Dat die konsep GOP geadverteer word vir publieke insette en kommentaar gedurende April 2023;
- (c) Dat die konsep GOP by Plaaslike Bestuur, Provinsiale Tesourie, Nasionale Tesourie en die Weskus Distriksmunisipaliteit ingedien word;

8.4/...

- (d) Dat die GOP op 17 Mei 2023 aan die Burgemeesterskomitee vir 'n aanbeveling en op 25 Mei 2023 aan die Raad vir finale goedkeuring voorgelê word; en
- (e) Dat die hersiening van die areaplanne goedgekeur word.

8.4 TERTAFELLEGGING VAN DIE KONSEP MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS, GEWYSIGDE BEGROTING- EN VERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2023/2024, 2024/2025 EN 2025/2026 VIR DOELEINDES VAN DIE PUBLIEKE DEELNAME PROSES (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 2023/24, 5/1/4)

Die Uitvoerende Burgemeester lê die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegrotings vir die 2023/2024, 2024/2025 en 2025/2026 finansiële jare ingevolge artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) (MFMA) ter tafel, soos oorweeg tydens die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op 22 Maart 2023.

Die Uitvoerende Burgemeester spreek sy kommer uit dat die buitensporige tariefverhogings deur Eskom 'n negatiewe impak kan hê op die gemeenskap, veral deernishuishoudings, en besighede in die Swartland munisipale gebied.

Daar word beplan om ±2000 behuisingsgeleenthede in die Swartland munisipale gebied te vestig, wat beteken dat grootmaat infrastruktuur van meer as R30 000 000 miljoen beskikbaar gestel moet word wat verder 'n groot impak op toekomstige begrotings het.

Rdl B J Penxa versoek, namens die ANC, dat die ligging van die swembad by die Wesbank Sportgronde heroorweeg moet word. Die ligging word nie as sentraal beskou tot die gemeenskappe wat bedien moet word nie, naamlik Wesbank, Saamstaan, Ilinge Lethu, Phola Park en die nuwe De Hoop-ontwikkeling. Rdl Penxa versoek dat die grond aangrensend tot die Binnehuise Sportsentrum oorweeg moet word.

Voormelde voorstel wat deur rdl A A Duda, namens die EFF, ondersteun.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word bevestig deur rdl Penxa dat daar ten gunste van die konsep meerjarige begroting gestem word, onderhewig daaraan dat 'n meer sentrale ligging vir die nuwe swembad oorweeg sal word –

EENPARIGE BESLUIT

(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesecondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur artikel 19 (2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Draft Budget and Tariff File)** en oorweeg dieselfde;
- (b) Dat die Raad, voor die goedkeuring van die kapitaalprojekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B: 2023/2024 – 2025/2026 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;
- (c) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 3 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige kostes, gedek sal word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;
- (d) Dat die toekomstige kapitaalebegrotings vanaf jaar 3 beperk word tot 16.5% van die bedryfsbegroting (gebaseer op NT se norm van tussen 10% en 20% vir Kapitaalbesteding tot Totale Bedryfsbesteding) as gevolg van die opwaartse druk wat dit het op die bedryfsbegroting en die bekostigbaarheid van tariewe;
- (e)/...

8.4/...

- (e) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die beskikbare befondsingsbronne nie vir ander doeleindes geormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2023/2024	Draft Budget 2024/2025	Draft Budget 2025/2026
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 99 051 292	R 103 813 866	R 117 124 689
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 24 708 000	R 25 664 000	R 26 660 000
Dept. Human Settlements	R 55 314 000	R 64 890 000	R 30 000 000
Integrated National Electrification Programme (INEP)	R 23 658 000	R 25 000 000	R 35 000 000
RSEP	R 500 000	-	-
Contributions / Donations	R 1 224 943	-	-
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 1 016 000	-	-
Community Safety Grant	R 40 000	R 40 000	-
Fire Service Capacity Building Grant	R 926 000	-	-
GRAND TOTAL	R 206 438 235	R 219 407 866	R 208 784 689

- (f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per (**Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Draft Budget and Tariff File**);
- (g) Dat die Raad in beginsel goedkeuring verleen vir die opneem van 'n eksterne lening tot 'n bedrag van R50 miljoen vir jaar 2 van die 2023/24 MTREF, vir die gedeeltelike finansiering van die volgende kapitaalprojekte: *132/11kV Eskom Schoonspruit Substation* (R30 miljoen) en die *Development of Highlands New Landfill Cell* (R20 miljoen), deur die mark te toets by wyse van die inwin van tenders vanaf die finansiële instellings soos beoog in artikel 46 van die MFMA;
- (h) Dat die konsep hoë-vlak meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die **2023/2024– 2025/2026** finansiële jare goedgekeur word as konsep, in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2022/23	Half-Jaarlikse Aansuiwerings begroting 2022/23	Konsep Begroting 2023/24	Konsep Begroting 2024/25	Konsep Begroting 2024/25
Kapitaalbegroting	191 095 805	167 894 804	206 438 235	219 407 866	208 784 689
Bedryfsuitgawes	1 029 331 855	1 025 575 992	1 104 199 609	1 214 888 188	1 421 514 611
Bedryfsinkomste	1 093 983 961	1 087 072 579	1 227 697 725	1 341 922 499	1 525 223 633
Begrote (Surplus)/ Tekort	(64 652 106)	(61 496 587)	(123 498 116)	(127 034 311)	(103 709 022)
Minus: Kapitaal Toekennings & Donasies	77 109 000	67 945 510	107 386 943	115 594 000	91 660 000
(Surplus)/ Tekort	12 456 894	6 448 923	(16 111 173)	(11 440 311)	(12 049 022)

- (i) Dat daar in beginsel goedkeuring verleen word vir die kennisgewing ingevolge artikel 14(1) en (2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 ten opsigte van die heffing van konsep eiendomsbelastingkoerse, vrystellings en afslag op eiendomme soos gespesifiseer in die onderstaande skedule en in die eiendomsbelastingbeleid vir die 2023/2024 finansiële jaar, vir doeleindes van die publieke deelnameproses;

Tabel/...

Category of property	Rate ratio	(c/R) rate determined for the relevant property category
<i>Residential properties</i>	1: 1	0,5956
<i>Business and Commercial properties</i>	1: 1,4586	0,8769
<i>Industrial properties</i>	1: 1,4586	0,8769
<i>Agricultural properties</i>	1: 0,25	0,1489
<i>Mining properties</i>	1: 1,4586	0,8769
<i>Public Service Infrastructure</i>	1: 0,25	0,1489
<i>Properties owned by an organ of state and used for public service purposes</i>	1: 1,4586	0,8769
<i>Public Benefit Organisations</i>	1: 0	0,0000
<i>Vacant properties</i>	1: 1,3470	0,8022
<i>Municipal properties</i>	1: 0	0,0000
<i>Conservation Areas</i>	1: 0	0,0000
<i>Protected Areas</i>	1: 0	0,0000
<i>National Monuments</i>	1: 0	0,0000
<i>Informal Settlements</i>	1: 0	0,0000

Exemptions and Reductions

- **Residential Properties:** For all residential properties, the Municipality will not levy a rate on the first R15 000 of the property's market value. The R15 000 is the statutory impermissible rate as per section 17(1)(h) of the Municipal Property Rates Act.

Rebates in respect of a category of owners of property are as follows:

- **Indigent owners:** 100 per cent rebate will be granted to registered indigents in terms of the Indigent Policy to a maximum valuation of R105 000;
- **Qualifying senior citizens and disabled persons:** A rebate to an amount equal to the rates payable on the first amount of the valuation of such property to a limit of R300 000.

NB: Please refer to the Municipality's property rates policy in respect of all rebates offered.

- (j) Dat die Raad die konsep tariefstrukture en heffings vir water, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2023/2024 – 2025/2026 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;
- (k) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep goedkeur vir die 2023/2024 finansiële jaar, met in ag neming dat dit **onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA** en dat die Tyd-van-Gebruik (TVG)-kliënte daarop moet let dat die TVG-tydsgleuwe onderhewig is aan verandering hangende NERSA/Eskom se uitklaring;
- (l) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: Budget Report and A-Schedules 2023/2024 – 2025/2026)** goedgekeur word;
- (m) Dat die **wysigings** aan die begrotings- en verwante beleide soos vervat in **(Annexure D: Draft Amendments to Budget & Related Policies 2023/2024)**, goedgekeur word met die doel vir die publiek se menings en kommentaar;
- (n) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot **0,60%** van die salarisbegroting ten bedrae van **R 1 968 095** vir die 2023/2024 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;
- (o) Dat die Raad kennis neem dat die verhogings vir die direkteure kontraktueel gekoppel is aan die ander personeel wat op nasionale vlak onderhandel en bepaal word:

8.4(o)/...

- Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **5.3%** vir 2023/2024; **5%** vir die 2024/2025 en **5%** vir 2025/2026 finansiële jare, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging waar van toepassing;
 - Daar is voldoende begroot vir alle salarisaanpassings;
 - Voorsiening is gemaak vir 'n **3%** verhoging vir politieke ampsbekleërs wat val binne die middelband van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).
- (p) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse en dat die begroting "kontant gefinansier" is. Die totale groei in uitgawes van **7.7%** vanaf die huidige na die nuwe finansiële jaar en die inkomstebronne met 'n groei in inkomste van **12.9%** (**9.9% kapitale toekennings uitgesluit**) vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei staat soos per (**A-schedule: A7**) vir die volgende drie finansiële jare;
- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **9.8 maande** vir 2023/24, **9.2 maande** vir 2024/25 en **7.8 maande** vir die 2025/26 finansiële jaar (dit kan wesenlik beïnvloed word, maar op hierdie stadium is dit nie moontlik om wetenskaplik te bepaal nie);
 - oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat netto bedryfsurplusse verwag word vir 2023/24, 'n bedrag van **R16 111 173**, vir 2024/25 'n bedrag van **R11 440 311** en vir 2025/26, 'n bedrag van **R12 049 022 (kapitale toekennings uitgesluit)**, wat ver onder die NT-norm is van minstens 'n 10% surplus.
- (q) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en -formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;
- (r) Dat die Raad kennis neem van die inhoudelike van die Provinsiale- en Nasionale Tesourie se Begroting-Omsendbriewe soos aangeheg in "**Annexure E: Budget Circulars**";
- (s) Dat die Raad kennis neem dat die begroting opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.7 soos vereis deur Nasionale Tesourie;
- (t) Dat die proses van publieke insette, of kommentaar op die konsep begroting, **hersiende** begroting en verwante beleide (beperk tot die hersienings van die vorige jaar) en begrotingsdokumente, belastingkoerse op eiendom en tariewe, teen 12 voormiddag op **28 April 2023** sluit.

8.5 **KONSEP 2023/2024 DIENSLEWERING- EN BEGROTINGIMPLEMENTERINGS-PLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) definieer die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) as 'n gedetailleerde plan wat deur die burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge artikel 53(1)(c)(ii) van die MFMA goedgekeur word vir implementering van die munisipaliteit se lewering van dienste en van sy jaarlikse begroting.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

BESLUIT

- (a) Dat die Raad kennis neem van die aangehegte konsep 2023/2024 Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) wat in terme van regulasie 14 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies ter tafel gelê word;

8.5/...

- (b) Dat die SDBIP in terme van regulasie 15 van die Munisipale Begroting en Rapportering Regulasies aan Nasionale Tesourie en Provinsiale Tesourie voorgelê word.

8.6 KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGIMPLIKASIES: SLUITING VAN 'N WATERVOORSIENINGSOOREENKOMS MET DIE DEPARTEMENT VAN WATER EN SANITASIE: VOLDOENING AAN ARTIKEL 33 VAN DIE MFMA (16/1/1/B)

Tydens die droogte in 2017 het die Minister van Water- en Sanitasiedienste opdrag gegee om die Bergrivier-Voëlklei-Aanvullingskema (BVRAS) te implementeer om bykomende bronne van watervoorsiening binne die Weskaap se Waterskema te verseker. Die projek behels die verhoging van ongeveer 23 miljoen m³/jaar opbrengs aan die Voëlkleidam.

Swartland Munisipaliteit het dienooreenkomstig aansoek gedoen vir 'n verhoogde allokasie uit die BVRAS en bevestiging is ontvang dat 1.66 miljoen m³/jaar aan die Munisipaliteit toegeken is.

Die volgende stap is om 'n Watervoorsieningsooreenkoms met die betrokke departement aan te gaan wat toekomstige begrotingsimplikasies vir die Munisipaliteit inhou en is artikel 33 van die MFMA van toepassing.

BESLUIT

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl R J Jooste)

- (a) Dat kennis geneem word van die verhoogde allokasie vanuit die beoogde Bergrivier Voëlklei Aanvullingskema vanaf die aanvanklike 0.66 miljoen m³/jaar tot 1.66 miljoen m³/jaar;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat ten einde die allokasie op te neem 'n Watervoorsieningsooreenkoms met die Departement van Water en Sanitasie gesluit moet word en dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die ooreenkoms te onderteken, onderhewig aan sekere voorwaardes;
- (c) Dat verder kennis geneem word dat die sluiting van die Watervoorsieningsooreenkoms toekomstige begrotingsimplikasies inhou buite die goedgekeurde meerjarige begroting wat bereken is op R7,088,000 per jaar teen huidige jaar kostes;
- (d) Dat verder kennis geneem dat die proses soos bepaal word deur Artikel 33 van die Wet op die Bestuur van Munisipale Finansiensies gevolg sal word.

**GETEKEN:
DIE SPEAKER**